

SONDAG 29 Des 2002  
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID  
OGGENDDIENS

**LITURGIE**

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof		
Hannes	Lof	LB200:1-3 "U goedheid Heer kan ons nie peil nie" LB297:1-2 "Wonderbare Koning" LB202:1-3 "Prys Hom die Hemelvors"	LB200:1-3 LB297:1-2 LB202:1-3
Liturg	Oproep tot aanbidding		
Hannes	Aanbidding	"Loof Hom" (1-4) "Hemelvader" (2x)	loofhom hemelvad
Liturg	Oproep tot skuldbely	Jes 6:1-7	teks1
Gemeente	Skuldbelydenis	Stilgebed	stil
Christo	Musiek	Kom kniel by die kruis	stil2
		<b><u>Record aan</u></b>	<b><u>Klank: Record</u></b>
Liturg	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Psalm 90	Skrif
Liturg	Preek	Die verganklikheid van die lewe	Skrif
Christo	Musiek	Prophet: "Die lewe loop liedjie"	musiek1
Almal	Toewyding		
Liturg	Gebed		
		<b><u>Record af</u></b>	<b><u>Klank: Stop Record</u></b>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		"Afkondig"
Hannes	Lied	LB570:1 & 571:1 "Ure, dae maande jare" SM23:1-3 "Is die toekoms blink of duister"	LB570 & 571 SM23:1-3
Liturg	Seën		

# PREEKSKETS

## INLEIDING

Ek onthou dit so goed:

- 9 Febr 2995
- Om 8:55 die oggend is Corniël gebore.
- Ek kan nog die hele geboorte voor my sien afspeel.
  - Die teater.
  - Die mediese personeel.
  - Tersia se pyn.
- En toe: die geboorte van ons eerste kind.
  - Ek onthou sy klein lyfie.
  - Donker haartjies.
  - Hy was maar 2.55 kg.
  - (Met so maar pa kan 'n baba nie baie frisser wees nie!)
  - Dis niemand se skuld nie.
- Dit voel soos gister.
- Oor 'n kort rukkie word hy agt.
- Oor 'n paar dae gaan hy graad twee toe.
- Agt jaar is verby.
- Soos water wat in die grond in geloop het.

Die Lewe gaan soos 'n blits verby - is dit nie?

- Baie van julle se kinders het nou klaar gemaak met skool.
- 18 of 19 jare het verbygevlieg.
- 12 jaar se skool toe gaan is verby.
  - Die klein ou dogtertjie het 'n volwasse vrou geword.
  - Die klein ou seuntjie moet nou op sy eie bene gaan staan.
- Ja, die lewe vlieg so gou verby.

Hoeveel keer het 'n bejaarde nie al vir my vertel van dinge wat hulle in hulle lewe gedoen het nie?

- Kaalvoet skool toe geloop - gewoonlik 20 kilometer 'n dag.
- Konfyt vasgelê in die spens.
- Kleilat gespeel.
- En meeste van die kere eindig die verhaal met: Ai, dominee, die tyd het so gou verbygegaan.

Ek gesels een dag met 'n tannie wat 93 was.

- Ek sê vir haar: Sjoue tannie, dis darem 'n lang lewe!
- En haar antwoord: Dit het so gou verbygegaan.

Hierdie tyd van die jaar dink 'n mens onwillekeurig aan die veraganklikheid van die lewe.

- Nou die dag nog het ons met groot belangstelling "Alfa 1999" op die TV gekyk.
- Dit het gevoel soos iets wat in die oneindige toekoms lê.
- 1999 is vir altyd verby.
  
- 'n Paar jaar gelede het ons in vrees gelewe vir die nuwe millennium.
- Dit was moeilik om oor te slaan van 'n datum wat begin met 19... na een wat begin met 20...
- Vandag maak ons gereed vir 2003.
- Dis al 3 jaar vandat ons in vrees gelewe het vir die Y2K.

Ja, die lewe het gevlieg.

- Junie-maand sal ek en Tersia DV al 8 jaar in Suid wees.
- Dit voel soos nou die dag.

- Die kinders wat daardie jaar in standerd 3 was, het hierdie jaar klaar gemaak met skool.
- Die babas wat ons daardie jaar gedoop het, word hierdie jaar 8 jaar oud.
  - Graad 2 of graad 3

Ja, ons lewens jaag verby.

## LEWENSJARE

Bybel: Daar het 'n interessante ontwikkeling plaasgevind.

Begin: amper onsterflik

- Moontlik sou hulle op 'n baie hoë ouderdom gesterf het.
- OF hulle sou soos Henog en Elia sommer direk in die hemel opgeneem word.
- Ek vermoed hulle sou glad nie sterf nie.
- 'n Lang lang lewe - eers op die aarde en dan in die hemel.

Dan kom die sondeval - dit verander 'n bietjie.

Die mense leef steeds betreklik lank - maar almal sterf een of ander tyd.

- Adam 930 jaar
- Kenan 910 jaar.
- Henog 800 jaar
- Henog 365 jaar
- Metusalag 969 jaar
- lameg 777 jaar.

Genesis 6: Die reuse

Gen 6:3 Lewensduur nou 120 jaar

- Josef 110 jaar (Gen 50:26)
- Moses 120 jaar (Deut 34:7)

Ps 90:10 - God hersien weer die mens se lewensjare:

- Nie meer 120
- Sewentig of 80 jaar

En so het God geleidelik die mens se lewe beperk tot 70 of 80 jaar.

- Sommige sterf vroeg.
- Ander haal 80 of 90.
- In uitsonderlike gevalle word mense ouer as 100.
- Sommige selfs ouer as 110.

Maar die normale menselike lewe is 70-80 jaar.

- En dan is dit verby.
- En dit vlieg soos 'n blits verby.
  - Job sê ons lewe is soos 'n huurling. (7:1)
  - Gehuur vir 'n sekere tyd.
  - En dan is dit verby.

**BYBEL GEBRUIK BAIE BEELDE** om die verganklikheid van die mens se lewe te beskryf:

### Gras & veldblom

*Psalm 103:14 "Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof ie. Die mens, Sy*

*lewensduur si soos die van **gras**, soos die van 'n **veldblom** wat oopgaan. As die woestynwind daaroor waai, is dit weg, en sy plek vir altyd leeg. Maar onverganklik is die liefde van die Here..."*

[ *Jes 40:6 "Iemand sê: "Roep!" En ek vra: wat kan ek roep? Alle mense is soos **gras**, alles waarop hulle staatmaak is soos 'n **veldblom**: gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind daaroor laat waai.. Dit is so: die volk is soos gras. Gras verdor en blomme verwelk, maar die Woord van God bly vir ewig." ]*

[ *Jakobus 1:10 "'n Gelowige wat arm is moet hom daarin verheug dat God hom aansien gee, en een wat ryk is, dat hy arm is voor God, want 'n ryk mens sal vergaan soos 'n **veldblom**. As die son met sy gloeiende hitte opkom, verskroei dit die plantegroei, die blomme val af en die prag is daarmee heen. So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede deur vergaan." ]*

*1 Pet 1:24 "Die Skrif sê: Die mens is soos **gras**, en al sy skoonheid soos 'n **veldblom**; die gras verdor en die blom val af, maar die Woord van die Here - dit bly vir ewig."*

Ons almal werk die hele Somer baie hard aan ons grasperke:

- Gooi kunsmis.
- Sny dit.
- Gooi dit nat.
- Sny die kante.

En hierdie tyd van die jaar lyk die meeste grasperke pragtig.

- 'n Lushof.
- Aanloklik.
- Jy wil net daarop gaan lê.
- Die kinders wil net daarop speel.

En Julie-maand?

- Dan is daardie selfde grasperk morsdood.
- Jy kan water gooi.
- Jy kan doen wat jy wil.
- As ons goeie ryp kry, is die gras dood.

En so is daar baie dinge wat die gras kan doodmaak:

- Die bloedige son.
- Sprinkane.
- Droogte.
- Ryp.

En net so is ons lewens.

- Nou nog is iemand pragtig.
- Netnou is hy dood.

Met al onse tegnologie kan ons hierdie proses nie keer nie.

- Ons word ouer.
- En ons liggame verweer.

Kyk maar na Michael Jackson & Liz Taylor.

- Al die operasies in die wêreld...
- Al die tegnologie...
- Al die geld wat hulle het...
- Kan nie die proses van verwerping stop nie.

Want ons is verganklike mense.

En daarom sê die Bybel is ons soos gras.

- Blitsviinig is alles verby.

## **Droom**

*Ps 39:6 “Kyk, U het bepaal dat my dae min sal wees, in U oë is my lewensduur byna niks. Ag, alle mense is maar **verganklik**. Die mens leef soos in ‘n **droom**, en hy sloof hom af vir niks...”*

Ek kan gewoonlik nie my drome onthou nie.

Maar ek het al ‘n paar goeie drome gehad.

Maar het julle dit al agtergekom:

- Jy droom van iets lekkers.
- En jy geniet die droom.
- En dit voel so regtig.
- En die volgende oomblik lui die wekker.
- En weg is daai droom - vir altyd.

Behalwe die vrouens wat so baie sepies kyk: hulle droom elke aand so stukkie verder...

Wie van julle het al probeer om dieselfde droom weer te droom?

Of om aan te gaan waar die droom opgehou het?

- Die wekker weer gestel om net gou hierdie droom klaar te droom?
- Om net die uiteinde te sien?

Jy kan nie.

- Weet julle - ‘n mens droom eintlik ‘n baie klein stukkie van die nag.
- Jy droom net in een van die 4 fases van slaap.
- En ‘n droom duur meesal net ‘n paar sekondes of minute.

Maar as aai droom verby is, is hy verby.

- Net so (\*), en dit is verby.
- In ‘n oogwink is dit verby.
- En jy kan hom nie terugbring nie.

Ons lewens is soos ‘n droom.

- In ‘n oogwink verby.
- En jy kan hom nie terugbring nie.
- Jy kan hom nie herhaal nie.
- Jy kan hom nie WEER beleef nie.
- Jy kan nie aangaan waar jy opgehou het nie.

En so is daar talle beelde in die Bybel om ons verganklikheid te beskryf:

## **Geen gewig op ‘n skaal**

*Ps62:10 “Mense is **verganklik**, mense is niks. Op ‘n **skaal** wys hulle geen gewig nie.”*

## **Skaduwee**

*Ps 144:4 “‘n Mens, hoe verganklik is hy tog - sy dae gaan soos ‘n **skaduwee** verby.”*

## **Gedagte / Tale that is taught**

Ps 90:9

## **Damp**

*Jak 4:14 “Julle is maar ‘n damp wat ‘n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.”*

Job 7:9 “Soos ‘n wolk weggaan en verdwyn, so gaan ‘n mens dood en kom nie terug nie..”

## **Slaap**

- 4 ooreenkomste
  - Die korte duur daarvan
    - Dit voel altyd te kort.
    - Maak nie saak hoe lank jy slaap - dit voel of die nie genoeg was nie.
    - Maak nie saak hoe lank jy lewe nie - dit voel of dit nie genoeg was nie.
  - Hoe maklik ‘n mens daaruit geruk word.
  - Die groot hoeveelheid dinge wat dit kan versteur of beeindig.
  - Die groot aantal “foute” daarin

## **OOK DIE DINGE WAT ‘N MENS DOEN IS DIKWELS VERGANKLIK**

Prediker:

- plesier
- wyn
- wysheid & kennis
- sukses
- besittings

**DAAROM:** (Wat kan ons doen?)

**EEN: Wees versigtig oor die toekoms**

*Jak 4:14 “Julle is maar ‘n damp wat ‘n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.”*

‘N Mens kan so maklik leef asof jy die lewe in jou hand het.

- More gaan ons dit doen.
- Volgende week wil ek dit doen.
- Volgende jaar gaan ons daar en daar vakansie hou.
- Ek gee nou alles vir hierdie werk - eendag sal ek al die tyd vir my gesin gee....
  
- So het die mense in Jakobus se tyd ook geredeneer.
- En dan waarsku Jakobus hulle.
  - Pasop.
  - Julle is soos ‘n damp wat verskyn en verdwyn.
  - Jy weet nie of jy volgende jaar nog hier is nie.
- Moet daarom nie te veel staatmaak op die toekoms nie.

Gebruik vandag.

Benut vandag.

**TWEE: Koop die tyd uit & Maak die beste gebruik van elke geleentheid.** (Kol 4:5)

Kol 4:5 (OV): Koop die tyd uit.

Kol 4:5 (NAV) Maak die beste gebruik van elke geleentheid. (Ook in Efes 5:16)

Engels: “Redeeming the time...”

- "Watch the time, and make it your own so as to control it; as merchants look out for opportunities, and accurately choose out the best goods; serve not the time, but command it, and it shall do what you approve.

Vriende, ons weet baie min van die toekoms.

- Ons is soos gras.
- Soos veldblomme.
- Soos 'n skaduwee.
- Ons weet nie of ons more nog hier is nie.

Maar ons het vandag.

- Ons lewe vandag.
- Carpe Diem - Gryp die dag met altwee hande.
- Doen vandag vir jou huweliksmaat iets spesiaals.
- Bederf jou kinders vandag.
- Spandeer vandag tyd aan hulle.
- Gee vandag jou lewe vir die Here.
- Geniet die lewe vandag.

Hier word 'n beeld gebruik uit die ekonomiese wêreld.

- Soos wat 'n handelaar kosbare artikels koop.
- So moet jy die tyd koop.
- Gee alles wat jy kan om die tyd goed te benut.

### **DRIE: Slotsom van alles:**

Dien God en gehoorsaam Sy gebooië.

Prediker: Alles kom tot niks .... Dien God - gehoorsaam sy gebooië.

*Ps 90:12 "Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom"*

## **TEN SLOTTE**

Ps 22:30 "...al die mense, sterflik en verganklik sal voor Hom kniel..."

Rom 8:21 ((Arde bevry van verganklikheid)

1 Kor 15:42-54 (Verganklike liggame verander in onverganklike)

DAG WAAROP VERGANKLIKE ONVERGANKLIK IS

1 Kor 15:42 "What is sown is perishable, what is raised is imperishable."

ONS AANBID 'N ONVERGANKLIKE GOD

Ps 90:1-2

Ps 90:4